Aktiwiteit 1 Identifiseer jou belangstellings en vaardighede

Hier is 'n paar wenke om jou te help besluit op 'n moontlike beroepsrigting vir jouself.

a Identifiseer jou belangstellings. Wat doen jy vir plesier, byvoorbeeld bergklim, rekenaarspeletjies speel, kook, teken, oplos van getalraaisels, by mense en diere wees?

b Identifiseer jou vaardighede en vermoëns. Watter vaardighede of vermoëns gebruik jy dikwels wanneer jy dit geniet om iets te doen?

c Probeer nou om hierdie belangstellings en vaardighede in breë verband met 'n loopbaanrigting te bring. As jy studeer om 'n ingenieur te word, kan jy dalk op 'n terrein, in 'n kantoor, as 'n instrukteur, as 'n bestuurder, of as 'n adviseur in verskillende afdelings van ingenieurswese werk, of ook by die ontwerp van masjiene, gloeilampe of motors, tot selfs die bou van brûe of eilande betrokke wees. Onthou dat daar in elke loopbaanrigting baie verskillende beroepe is om van te kies en bostaande is maar net om aan jou 'n idee te gee van wat jy in ag kan neem.

Aktiwiteit 2 Vakkeuse

Jy sal beperk wees deur die vakke wat jou skool aanbied, maar as jy 'n keuse gehad het, watter skoolvakke dink jy sou:

a die interessantste wees? Sê waarom jy so dink.

b die bruikbaarste vir die loopbaanrigting waarin jy belangstel? Verduidelik waarom.

c Waarom dink jy dat mense nie in sommige beroepe mag werk voordat hulle gekwalifiseer is nie?